Klaribin Tablets
P1533504

Klaribin Tablets
P1533504

AUROGEN

SKEDULERINGSTATUS

S4

EIENDOMSNAAM (en doseervorm)

KLARIBIN TABLETS 250 mg (Tablet)
KLARIBIN TABLETS 500 mg (Tablet)

SAMESTELLING

KLARIBIN TABLETS 250 mg: Elke filmbedekte tablet bevat 250 mg klaritromisien. Suikervry.
KLARIBIN TABLETS 500 mg: Elke filmbedekte tablet bevat 500 mg klaritromisien. Suikervry.

Die ander bestanddele van die formulering is mikrokristallyne sellulose, kroskarmellose- natrium, povidoon, kolloïdale anhidriese silika, en magnesiumstearaat. **KLARIBIN TABLETS 250 mg** en **KLARIBIN TABLETS 500 mg** is met Opadry geel bedek wat bestaan uit hipromellose, propileenglikol, titaandioksied, hidroksipropielsellulose, vanillien, sorbiensuur en ysteroksied geel.

FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE

A 20.1.1 Breë- en mediumspektrum antibiotika

FARMAKOLOGIESE WERKING

Farmakodinamika:

Klaritromisien is 'n makroliede-antibiotikum. Dit oefen sy antibakteriële werking uit deur omkeerbaar aan die 50S ribosomale subeenheid van die 70S ribosoom van sensitiewe mikroörganismes te bind, waardeur bakteriële DNS-afhanklike proteïensintese geïnhibeer word. Klaritromisien besit aktiwiteit teen gram +ve en sommige gram -ve organismes. Die volgende is weerstandig:

- Eritromisien-weerstandige isolate van *Streptococcus pneumoniae*.
- Die voorkoms van weerstandigheid is hoër by penisillien-weerstandige stamme.
- Klaritromisien-weerstandige isolate van *H. pylori* het ontluik.
- Weerstandigheid ontwikkel vinnig in *Mycobacterium avium* wanneer klaritromisien as monoterapie gebruik word.

Farmakokinetika:

Klaritromisien word vinnig uit die spysverteringskanaal na orale toediening geabsorbeer, maar sy biobeskikbaarheid word van 55 % tot 50 % verminder as gevolg van vinnige eerste- verbygangmetabolisme. Piek plasmakonsentrasie kom ongeveer 2 uur na toediening voor. Die mate van absorpsie word relatief min deur kos beïnvloed. Klaritromisien kan dus met, of sonder kos, gegee word. Klaritromisien word deur die lewer gemetaboliseer na die aktiewe metaboliet, 14-hidroksiklaritromisien, asook na verskeie ander metaboliete. Beide klaritromisien en 14-hidroksiklaritromisien word wyd deur die liggaam versprei en bereik hoë intrasellulêre konsentrasies. Klaritromisien bereik egter nie beduidende vlakke in die serebrospinale vloeistof nie. Proteïenbinding van klaritromisien wissel van 40 % tot 70 % en is konsentrasie-afhanklik. Die eliminasie halfleeftye van klaritromisien en 14-hidroksi-klaritromisien is ongeveer 3 tot 7 en 5 tot 9 uur onderskeidelik. Langer halfleeftye word na groter dosisse waargeneem. Klaritromisien word deur renale en nie-renale roetes geëlimineer. Die hoeveelheid klaritromisien wat onveranderd in die urine uitgeskei word wissel van 20 % tot 40 % afhangende van die dosis wat toegedien word en die formulering. Tussen 10 % en 15 % van die dosis word in die urine uitgeskei as die 14-hidroksimetaboliet. Alhoewel die farmakokinetika van klaritromisien by pasiënte met hepatiese of renale disfunksie verander is, is dosisaanpassing nie nodig nie tensy 'n pasiënt ly aan ernstige renale disfunksie (kreatinienopruiming van <30 ml/min). Dit wil voorkom dat die eliminasie halfleeftye ook verleng is.

INDIKASIES

KLARIBIN word aangedui vir die behandeling van die volgende ligte tot matig ernstige bakteriële infeksies veroorsaak deur vatbare organismes:

- Onderste lugweginfeksies soos brongitis en pneumonie veroorsaak deur *S. pneumoniae, M. pneumoniae, M. catarrhalis,* of *H. influenzae*.
- Boonste lugweginfeksies soos faringitis en sinusitis as gevolg van *S. pyogenes*.
- Ligte tot matig ernstige akute otitis media as gevolg van *S. pneumoniae, M. catarrhalis* en *H. influenzae*.
- Vel- en sagteweefselinfeksies soos follikulitis, sellulitis of erisipelas as gevolg van *S. aureus*. Uitwissing van *Helicobacter pylori* wanneer dit in kombinasie met 'n protonpompinhibeerder en 'n ander antibiotikum gebruik word om die herhaling van duodenale ulkus te verminder.

KONTRA-INDIKASIES

- Hipersensitiwiteit teen klaritromisien of ander makroliede-antibiotika of enige komponent van **KLARIBIN**.
- Gelyktydige toediening van **KLARIBIN** saam met astemisool, sisapried en pimosied omdat dit QT-verlenging en kardiale disritmieë insluitend ventrikulêre tagikardie, fibrillasie en torsades de pointes mag veroorsaak (Sien "**INTERAKSIES**").
- Porfirie.
- Swangerskap (sien "**SWANGERSKAP EN LAKTASIE**").
- Gelyktydige toediening van **KLARIBIN** saam met ergotamien of dihidroergotamien omdat dit ergot-toksisiteit kan veroorsaak, gekenmerk deur vasospasma en iskemie van die ekstremiteite en sentrale senusisteem wat permanente weefselskade tot gevolg mag hê.
- HMG-KoA-reduktase-inhibeerders (statiene) soos lovastatien of simvastatien wat saam met klaritromisien geneem word, mag die risiko van rabdomiolise verhoog. Behandeling met statiene behoort tydens **KLARIBIN**-behandeling gestaak te word (sien "**WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS** " en "**INTERAKSIES**").
- Kolgisien is teenaangedui by pasiënte op **KLARIBIN** met renale of hepatiese inkorting wat P-glikoproteïen-inhibeerders of 'n sterk CYP3A4-inhibeerder neem (sien"**INTERAKSIES**").

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS

- **KLARIBIN** word deur die lewer gemetaboliseer en in die faeces via die gal uitgeskei. Omsigtigheid behoort uitgeoefen te word by pasiënte met ingekorte hepatiese funksie. Hepatiese disfunksie, insluitend verhoogde lewerensieme en hepatosellulêre en/of cholestatiese hepatitis, met of sonder geelsug is met **KLARIBIN** aangemeld. Hierdie hepatiese disfunksie mag ernstig wees en is gewoonlik omkeerbaar. In sommige gevalle is lewerversaking met noodlottige gevolge aangemeld en is oor die algemeen geassosieer met ernstige onderliggende en/of gelyktydige medikasies. Staak **KLARIBIN** onmiddellik indien tekens en simptome van hepatitis, soos anoreksie, geelsug, donker urine, pruritus of teer buik voorkom.
- Inkorting van renale funksie (ernstig) - Die eliminasie van **KLARIBIN** is verminder by pasiënte met inkorting van renale funksie, veral dié met 'n kreatinienopruiming van <30 ml/min. Die dosis van **KLARIBIN** behoort gehalveer te word of die doseringsinterval moet verdubbel word by pasiënte met 'n kreatinienopruiming van <30 ml/min.
- Rabdomiolise is aangemeld met gelyktydige gebruik van **KLARIBIN** en die HMG-KoAreduktase-inhibeerders, bv. simvastatien, atorvastatien, rosuvastatien en lovastatien. Gelyktydige gebruik van klaritromisien saam met lovastatien of simvastatien is teenaangedui (Sien "**INTERAKSIES**" en "**KONTRA-INDIKASIES**").
- Rifabutien en rifampisien - Mag serumkonsentrasies van **KLARIBIN** met >50 % verminder. Daar is aangemeld dat gelyktydige toediening 'n hoër voorkoms van uveïtis veroorsaak in vergelyking met rifabutien op sy eie (Sien "**INTERAKSIES**").
- Teofillien - Die area onder die plasmakonsentrasie-tyd-kurwe is verhoog. Monitering van teofillienserumkonsentrasies word aanbeveel (Sien "**INTERAKSIES**").
- Kruisweerstand tussen **KLARIBIN** en ander makroliede, linkomisien en klindamisien is aangemeld.
- Langtermyn gebruik van **KLARIBIN** mag kolonisasie met verhoogde getalle van nievatbare bakterieë en swamme veroorsaak. Indien superinfeksies voorkom, behoort toepaslike terapie ingestel te word.
- Pseudomembraneuse kolitis is met makroliede soos **KLARIBIN** aangemeld en mag in erns wissel van lig tot lewensbedreigend. Behandeling met antibakteriële medisyne verander die normale flora van die kolon wat tot oormatige groei van *Clostridium difficile* mag lei. *Clostridium difficile*-geassosieerde diarree (CDAD) is met die gebruik van **KLARIBIN** aangemeld en mag wissel in erns van matige tot fatale kolitis. CDAD moet as diagnose oorweeg word in alle pasiënte wat met diarree presenteer tydens en na die toediening van **KLARIBIN**. 'n Noukeurige mediese geskiedenis is noodsaaklik omdat daar gerapporteer is dat CDAD twee maande na die toediening van 'n antibakteriële middel voorgekom het (sien "**NEWE-EFFEKTE**").
- Indien CDAD sou voorkom, behoort **KLARIBIN** dadelik gestaak, 'n mediese praktisyn geraadpleeg en 'n toepaslike terapie ingestel te word. Anti-peristaltiese medisyne is teenaangedui in hierdie situasie.
- Verergering van simptome van myasthenia gravis is aangemeld in pasiënte wat **KLARIBIN**-terapie ontvang het.
- Omsigtigheid word aanbeveel ten opsigte van gelyktydige toediening van klaritromisien en triasoolbensodiasepiene soos alprasolam, midasolam en triasolam (sien "**INTERAKSIES**").
- Weens die ontluikende weerstand van *Streptococcus pneumoniae* teen makroliede, is dit belangrik dat sensitiwiteitstoetse uitgevoer word wanneer **KLARIBIN** voorgeskryf word vir gemeenskapsverworwe pneumonie. In die geval van hospitaal-verworwe pneumonie, behoort **KLARIBIN** in kombinasie met bykomstige toepaslike antibiotika gebruik te word.
- Vel- en sagte weefselinfeksies word meestal veroorsaak deur *S. aureus* en *S. pyogenes*, wat beide weerstandig teen makroliede mag wees.
- **KLARIBIN** behoort met versigtigheid gebruik te word wanneer dit saam met medisyne toegedien word wat die sitochroom CYP3A4-ensiem induseer (sien "**INTERAKSIES**").
- Die gelyktydige gebruik van **KLARIBIN** en orale hipoglisemiese middels en/of insulien kan beduidende hipoglisemie veroorsaak. Met sekere hipoglisemiese medisyne soos nateglinied, pioglitasoon en repaglinied, mag inhibisie van CYP3A4 deur **KLARIBIN** 'n rol speel en dit kan hipoglisemie veroorsaak as dit gelyktydig gebruik word. Versigtige monitering van glukose word aanbeveel.
- Daar bestaan 'n risiko van ernstige bloeding en beduidende verhogings in INR en protrombientyd as **KLARIBIN** saam met warfarien toegedien word. INR en protrombientyd behoort dikwels gemoniteer te word.
- Behandeling met **KLARIBIN** behoort gestaak te word indien enige tekens van hepatiese disfunksie ontwikkel. Hepatiese disfunksie is gewoonlik omkeerbaar, maar dit kan ernstig wees. In seldsame gevalle is lewerversaking met noodlottige gevolge aangemeld, wat gewoonlik met ander ernstige onderliggende siektes en/of gelyktydige medisyne geassosieer was. Geïsoleerde gevalle van verhoogde serumkreatinien is aangemeld, maar 'n assosiasie met **KLARIBIN** is nie vasgestel nie.
- Berigte van hipoglisemie het voorgekom, waarvan sommige by pasiënte op gelyktydige orale hipoglisemiese middels of insulien was, voorgekom het.
- Nadelige effekte in immuungekompromitteerde pasiënte wat met hoër dosisse **KLARIBIN** oor lang tydperke behandel is, het naarheid, braking, smaakperversie, abdominale pyn, diarree, veluitslag, winderigheid, hoofpyn, gehoorversteuring, AST- en ALT-verhogings, verhoogde BUN-vlakke en abnormaal lae witbloedsel- en plaatjietellings ingesluit. Addisionele lae-frekwensie insidente het dispnee, slaaploosheid en droë mond ingesluit.

Effekte op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik

Die potensiaal vir duiseligheid, vertigo, verwarring en disoriëntasie moet in ag geneem word voordat pasiënte op **KLARIBIN** bestuur of masjiene gebruik.

INTERAKSIES

- Gelyktydige gebruik van **KLARIBIN** saam met die volgende medisyne is teenaangedui: kolgisien, HMG-KoA-reduktase-inhibeerders en ergotalkaloïede (sien "**KONTRAINDIKASIES**").
- Astemisool, sisapried en pimosied het kardiale disritmieë, insluitend QTc-interval-verlenging, ventrikulêre disritmie, ventrikulêre tagikardie, ventrikulêre fibrillasie en torsades de pointes veroorsaak. Fataliteite het voorgekom. Die mees waarskynlike oorsaak is die inhibisie van metabolisme van hierdie medisyne deur **KLARIBIN** (sien "**KONTRA-INDIKASIES**").
- Induseerders van sitochroom P450 wat die konsentrasie van klaritromisien mag affekteer - Induseerders van CYP3A4 (soos rifampisien, fenitoïen, karbamasepien, fenobarbital, St John se kruid) mag die metabolisme van **KLARIBIN** verhoog en sub-terapeutiese vlakke van **KLARIBIN** veroorsaak wat dan tot verminderde doeltreffendheid mag lei.
- Die volgende medisyne mag die sirkulerende konsentrasies van klaritromisien beïnvloed.

KLARIBIN-dosisaanpassing of oorweging van alternatiewe behandelings mag nodig wees:

- Sterk induseerders van die sitochroom P450 metabolisme sisteem soos efavirens, nevirapien, rifampisien, rifabutien en rifapentien mag die metabolisme van **KLARIBIN** versnel en dus die plasmavlakke van klaritromisien verlaag, terwyl dit die vlakke van die aktiewe metaboliet, 14-OH-klaritromisien verhoog. Omdat die mikrobiologiese aktiwiteit van klaritromisien en 14-OH-klaritromisien verskillend is vir verskillende bakterieë, kan die beoogde terapeutiese effek moontlik tydens gelyktydige toediening van **KLARIBIN** en ensieminduseerders belemmer word.
- **KLARIBIN**-blootstelling mag deur etravirien verminder word: maar konsentrasies van die aktiewe metaboliet, 14-OH-klaritromisien, is verhoog. Omdat 14-OH-klaritromisien verminderde aktiwiteit teen *Mycobacterium avium complex* (MAC) het, mag die algehele aktiwiteit teen hierdie patogeen verander word.
- Inhibeerders van sitochroom P450 wat die konsentrasie van klaritromisien mag beïnvloed:
- Gelyktydige toediening van flukonasool en **KLARIBIN** mag lei tot verhogings in die gemiddelde ewewigstoestand minimum klaritromisienkonsentrasie en area onder die kurwe. Ewewigstoestand konsentrasies van die aktiewe metaboliet, 14-OH-klaritromisien word nie beduidend verhoog nie. Dosisaanpassing van **KLARIBIN** is nie nodig nie.
- Beide klaritromisien en atasanavir is substrate en inhibeerders van CYP3A en daar is bewyse van 'n twee-rigting interaksie. Gelyktydige toediening van **KLARIBIN** saam met atasanavir en sakinavir mag lei tot 'n groot toename in die blootstelling aan klaritromisien en verhogings in die plasmakonsentrasies van atasanavir en sakinavir. Vir pasiënte op atasanavir met renale inkorting, behoort dieselfde dosisverminderings soos met ritonavir gevolg te word.
- Gelyktydige toediening van **KLARIBIN** en itrakonasool mag beide se plasmavlakke verhoog. Pasiënte op albei van hierdie medisyne behoort gemoniteer te word vir tekens of simptome van verhoogde of verlengde farmakologiese effek.
- Medisyne wat deur die sitochroom P450 ensiemsisteem (CYP3A4) gemetaboliseer word, mag deur **KLARIBIN** as 'n ensieminhibeerder geaffekteer word, byvoorbeeld: alprasolam, siklosporien, disopiramied, ergotalkaloïede, karbamasepien, metielprednisoloon, midasolam, omeprasool, kinidien, sildenafiel, simvastatien, takrolimus, triasolam, vinblastien, fenitoïen, en valproaat - **KLARIBIN** mag dus met verhoogde vlakke van hierdie medisyne geassosieer word. Serumkonsentrasies van hierdie medisyne mag monitering benodig veral medisyne met 'n klein veiligheidsgrens soos teofillien en karbamasepien. Rabdomiolise is aangemeld met gelyktydige gebruik van **KLARIBIN** en die HMG-KoA-reduktase-inhibeerders, bv. simvastatien en lovastatien (Sien "**WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**" en "**KONTRA-INDIKASIES**").
- Gelyktydige gebruik van **KLARIBIN** en medisyne wat QT-verlenging, kardiale disritmieë of torsades de pointes veroorsaak, behoort met versigtigheid gebruik te word. Die serumvlakke van kinidien of disopiramied en EKGs behoort tydens terapie met **KLARIBIN** gemoniteer te word.
- Gelyktydige toediening van klaritromisien en orale of IV toediening van midasolam verhoog onderskeidelik die midasolam AOK 7- en 2,7-voudig. Gelyktydige toediening van **KLARIBIN** saam met orale midasolam behoort vermy te word en met IV midasolam behoort die pasiënt noukeurig gemoniteer te word. Dieselfde voorsorgmaatreëls behoort ook toegepas te word op ander bensodiasepiene wat deur CYP3A4 gemetaboliseer word, insluitend alprasolam en triasolam. Nadelige SSS-effekte soos lomerigheid en verwarring het voorgekom.
- Gelyktydige gebruik van **KLARIBIN** en kolgisien veral by bejaardes, wat in sommige gevalle voorgekom het in pasiënte met renale ontoereikendheid, mag kolgisientoksisiteit veroorsaak. Sterftes is in sommige van hierdie pasiënte aangemeld (sien "**KONTRA-INDIKASIES**").
- Gelyktydige toediening van klaritromisien en fosfodiësterase-tipe-5- (PDE5)inhibeerders mag tot verhoogde (PDE5) inhibeerder blootstelling lei. Vermindering van die doserings van sildenafiel, tadalafiel en vardenafiel behoort oorweeg te word wanneer hierdie medisyne saam met **KLARIBIN** toegedien word.
- Vermindering in die dosering van tolterodien mag nodig wees in die teenwoordigheid van CYP3A4-inhibeerders soos **KLARIBIN** in die subgroep van pasiënte by wie die CYP2D6-ensiem ontbreek.
- Gelyktydige toediening van omeprasool en **KLARIBIN** het tot verhogings in die gemiddelde ewewigstoestand konsentrasie en area onder die kurwe van omeprasool gelei. Die gastriese pH verhoog. Die konsentrasie van klaritromisien (soos in **KLARIBIN**) neem ook toe in gastriese weefsel en slym, en tot 'n mindere mate in plasma gedurende die gebruik van omeprasool.
- Omdat verhoogde serumvlakke aangemeld is met fenitoïen en valproaat in kombinasie met CYP3A4-inhibeerders, insluitend klaritromisien, word bepalings van serumvlakke aanbeveel vir hierdie medisyne wanneer dit gelyktydig met **KLARIBIN** toegedien word.
- Hipotensie bradidisritmieë en laktiese asidose is waargeneem by pasiënte wat klaritromisien (soos in **KLARIBIN**) en verapamiel gelyktydig geneem het.
- Rifabutien en rifampisien - Mag serumkonsentrasies van **KLARIBIN** met >50 % verminder. Daar word berig dat gelyktydige toediening 'n hoër voorkoms van uveïtis veroorsaak in vergelyking met rifabutien alleen (Sien "**WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**").
- Teofillien en karbamasepien - Die area onder die plasmakonsentrasie-tydkurwes is verhoog met gelyktydige gebruik saam met **KLARIBIN**. Monitering van die serumkonsentrasies van hierdie medisyne word aanbeveel (Sien "**WAARSKUWINGS EN SPESIAL VOORSORGMAATREËLS**").
- Antikoagulante soos warfarien - **KLARIBIN** mag die effekte van warfarien versterk. Protrombientyd of INR behoort noukeurig gemoniteer te word.
- Digoksien - Daar kon aangedui word dat **KLARIBIN** die serumkonsentrasies van digoksien verhoog het en tot digoksientoksisiteit, insluitend fatale disritmieë, gelei het. Monitering van die serumkonsentrasies van digoksien word aanbeveel.
- Sidovudien - 'n Afname in die ewewigstoestand konsentrasie van sidovudien mag voorkom. Dosisse van sidovudien en **KLARIBIN** behoort ten minste 4 uur uitmekaar geneem te word.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE

Die veiligheid en doeltreffendheid in swangerskap en laktasie is nie vasgestel nie. **KLARIBIN** word in borsmelk uitgeskei.

KLARIBIN behoort nie tydens swangerskap gebruik te word nie, omdat die gebruik daarvan met embriotoksisiteit by diere geassosieer is.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS

Kinders:
Die veiligheid en doeltreffendheid in suigelinge onder die ouderdom van 6 maande is nie vasgestel nie. Hierdie formulering is nie gekik vir gebruik by kinders jonger as 12 jaar nie.

Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar: 250 mg twee keer daagliks. In meer ernstige infeksies, mag die dosis tot 500 mg twee keer daagliks verhoog word.

Renale inkorting:
Kreatinienopruiming (> 30 ml/min): Verminder dosis met die helfte, d.i. 250 mg een keer daagliks of 250 mg twee keer daagliks vir ernstige infeksies. Beperk die duur van behandeling tot 14 dae. **Uitwissing van *H. pylori***

Volwassenes:
500 mg twee keer daagliks in kombinasie met 'n toepaslike antibiotikum en 'n suur-verlagende middel vir 7 tot 10 dae. Die veiligheid en doeltreffendheid van **KLARIBIN** in kombinasie met protonpompinhibeerders behalwe omeprasool is nie vasgestel nie.

Gelyktydige gebruik van ritonavir

Die metabolisme van **KLARIBIN** word geïnhibeer. Geen dosisvermindering van **KLARIBIN** is nodig by pasiënte met normale renale funksie. Pasiënte met inkorting van renale funksie het 'n verlaging in die dosis van **KLARIBIN** nodig, soos volg:

- Kreatinienopruiming 30 tot 60 ml/min - Verminder dosis met 50 %.
- Kreatinienopruiming <30 ml/min - Verminder dosis met 75 %. Moenie 'n dosis van 1 g/dag tydens gelyktydige toediening van **KLARIBIN** en ritonavir oorskry nie. Daar is gesuggereer dat ander MIV-protease-inhibeerders en nie-nukleosied omkeringstranskriptase-inhibeerders 'n soortgelyke effek op **KLARIBIN** mag hê. **KLARIBIN** mag met, of sonder maaltye, geneem word.

NEWE-EFFEKTE

Infeksies en infestasie:
Minder frekwent: Orale candidiase, gastroënteritis, vaginale infeksie, pseudomembraneuse kolitis, erisipelas, eritrasma.

Bloed- en limfatiese sisteemversteurings:
Minder frekwent: Leukopenie, trombositopenie, agranulositose.

Immuunsisteemversteurings:
Minder frekwent: Allergiese reaksies, anafilakse.

Endokriene versteurings:
Minder frekwent: Hipoglisemie.

Metabolisme en voedingversteurings:
Minder frekwent: Anoreksie, verminderde aptyt, hipoglismie.

Psigiatriese versteurings:
Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensies is onbekend: Angs, slaaploosheid, hallusinasies, slegte drome, depersonalisasie, psigotiese versteuring, depressie.

Senusisteemversteurings:
Frekwent: Hoofpyn. *Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensies is onbekend:* Duiseligheid, vertigo, disoriëntasie, verwarring, konvulsies, tremor, parosmie, anosmie, disgeusie en ageusie.

Oor- en doolhofversteurings:
Minder frekwent: Gehoorverlies, vertigo en tinnitus.

Kardiale versteurings:
Minder frekwent: QT-verlenging, ventrikulêre tagikardie, torsades de pointes en hartkloppings.

Respiratoriese, torakale en mediastinale versteurings:
Minder frekwent: Epistakse.

Gastroïntestinale versteurings:
Frekwent: Naarheid, braking, abdominale pyn, abnormale smaak, diarree. *Minder frekwent*: Glossitis, stomatitis, orale candidiase, verkleuring van die tong, verkleuring van die tande, pseudomembraneuse kolitis (abdominale krampe of pyn, teerheid, ernstige, waterige diarree wat ook bloederig mag wees, koors), dispepsie, gastroïntestinale refluks, gastritis, proktalgie, hardlywigheid, droë mond, eruktasie en akute pankreatitis.

Hepatobiliêre versteurings:
Minder frekwent: Toename in lewerensieme, hepatosellulêre en/of cholestatiese hepatitis (met of sonder geelsug), en lewerversaking.

Vel- en onderhuidse weefselversteurings:
Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensies is onbekend: Hiperhidrose, pruritus, ligte velerupsies, aknee, urtikarie, Stevens-Johnson-sindroom, toksiese epidermale nekrolise, geneesmiddeluitslag met eosinofilie en sistemiese simptome (DRESS) en Henoch-Schönlein se purpura.

Muskuloskeletale, bindweefsel- en beenversteurings:
Minder frekwent: Mialgie, rabdomiolise en miopatie.

Renale en urinêre versteurings:
Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensies is onbekend: Interstisiële nefritis en nierversaking.

Algemene versteurings en toestande by die toedieningsplek:
Minder frekwent: Astenie.

Ondersoeke:
Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensies is onbekend: Verhoogde INR en verlengde protrombientyd, abnormale globulienverhouding.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN Sien **"NEWE-EFFEKTE EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS".**

Simptome van oordosis

Inname van groot hoeveelhede **KLARIBIN** kan verwag word om gastroïntestinale simptome te veroorsaak. Nadelige reaksies wat oordosis begelei, behoort behandel te word deur die vinnige eliminasie van ongeabsorbeerde medisyne en ondersteunende maatreëls. Veranderde geestestoestand, paranoïede gedrag, hipokalemie en hipoksie mag voorkom.

Behandeling van oordosis

Behandeling is simptomaties en ondersteunend. Daar word nie verwag dat **KLARIBIN** merkbaar deur hemodialise of dialise beïnvloed sal word nie.

IDENTIFIKASIE

KLARIBIN TABLETS 250 mg: Ligte geelkleurige, ovaalvormige, bikonvekse filmbedekte tablette, met 'D' gedebosseleer op een kant en '62' op die ander kant.

KLARIBIN TABLETS 500 mg: Ligte geelkleurige, ovaalvormige, bikonvekse filmbedekte tablette, met 'D' gedebosseleer op een kant en '63' op die ander kant.

AANBIEDING

KLARIBIN TABLETS 250 mg:

1. **PVC/PVdC Stulpverpakking:**
Tablette word verpak in helder 250 mikron PVC wat met 60 gvm PVdC-film bedek is en gedrukte aluminiumfoelie, met 'n 6-8 gvm hitte-seël vernis. Verpakkingsgrootte: 10e - Elke karton bevat 1 stulpverpakking van 10 tablette. 14s - Elke karton bevat 1 stulpverpakking van 14 tablette.

2. **HDPE-Houer Verpakking:**
Tablette word verpak in 'n 100 ml wit HDPE-houer met 'n 38 mm nek-afwerking (OFC 113 ml) met 'n 38 mm-400RS wit sluitstuk met 'n induksie seël pluisie. Verpakkingsgrootte: -100s- Een HDPE-houer van 100 tablette.

KLARIBIN TABLETS 500 mg:

1. **PVC/PVdC Stulpverpakking:**
Tablette word verpak in helder 250 mikron PVC wat met 60 gvm PVdC-film bedek is en gedrukte aluminiumfoelie, met 'n 6-8 gvm hitte-seël vernis. Verpakkingsgrootte: 10e - Elke karton bevat 1 stulpverpakking van 10 tablette. 14s - Elke karton bevat 1 stulpverpakking van 14 tablette.

2. **HDPE-Houer Verpakking:**
Tablette word verpak in 'n 120 ml wit HDPE-houer met 'n 38 mm nek-afwerking (OFC 138 ml) met 'n 38 mm-400RS wit sluitstuk met 'n induksie seël pluisie. Verpakkingsgrootte: 100s- Een HDPE-houer van 100 tablette.

BERGINGSINSTRUKSIES

Bewaar by of benede 25 oC.

Beskerm teen vog.

Hou die HDPE-houers dig gesluit.

Hou die stulpverpakkings in die karton totdat dit vir gebruik benodig word.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMERS

KLARIBIN TABLETS 250 mg: 42/20.1.1/0852

KLARIBIN TABLETS 500 mg: 42/20.1.1/0853

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT

Aurogen South Africa (Edms) Bpk
Woodhill Kantoorpark, Gebou Nr. 1 Eerste Vloer
Phillip Engelbrechtlaan 53,
Meyersdal, Uitbr. 12, Johannesburg,
1448, Suid Afrika.

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE VOUBILJET

Datum van registrasie:
01 Julie 2014

Datum van hersiening:
01 Januarie 2023

✂ DETACH BEFORE DISPENSING

S4

KLARIBIN TABLETS 250 mg (Tablet)
KLARIBIN TABLETS 500 mg (Tablet)

Klaritromisien

Lees hierdie hele brosjure versigtig voordat jy begin om KLARIBIN te neem.
- Hou hierdie brosjure. Jy mag dit weer moet lees.
- Indien jy verdere vrae het, vra asseblief jou dokter of jou apteker daaroor.
- **KLARIBIN** is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy behoort nie jou medisyne met ander persone te deel nie. Dit kan hulle skade aandoen, al is hulle simptome dieselfde as joune.

1. WAT KLARIBIN BEVAT

Die aktiewe stof is klaritromisien.

KLARIBIN TABLETS 250 mg: Elke filmbedekte tablet bevat 250 mg klaritromisien. Suikervry.
KLARIBIN TABLETS 500 mg: Elke filmbedekte tablet bevat 500 mg klaritromisien. Suikervry.

Die ander bestanddele is sellulose mikrokristallyn, kroskarmellose-natrium, magnesiumstearaat, Opadry geel (hipromellose, propileenglikol, titaandioksied, hidroksipropielsellulose, vanillien, sorbiensuur en ysteroksied geel), povidoon en silika kolloïdaal anhidries.

2. WAAROOR KLARIBIN GEBRUIK WORD

KLARIBIN word aangedui vir die simptomatiese behandeling van:
- Borsinfeksies soos brongitis en longontsteking.
- Keel- en sinusinfeksies soos faringitis en sinusitis.
- Ligte tot matig ernstige akute otitis media (infeksie van die middeloor).
- Vel- en sagte weefselinfeksies.
- Uitwissing van *Helicobacter pylori* (die bakterie wat verantwoordelik is vir die ontstaan van gastriese of duodenale ulkusse) wanneer dit in kombinasie met 'n protonpompinhibeerder en 'n ander antibiotikum gebruik word om die herhaling van duodenale ulkus te verminder.

3. VOORDAT JY KLARIBIN NEEM

Moenie KLARIBIN neem nie:
- Indien jy 'n hipersensitiwiteit teen klaritromisien of enige makroliedeantibiotika of enige ander komponent van die formulering het.
- Indien jy astemisool, sisapried of pimosied neem.
- Indien jy aan porfirie ly.
- Indien jy swanger is.
- Indien jy ergotamien of dihidroergotamien neem wat algemeen gebruik word om migraine te behandel, omdat die kombinasie met **KLARIBIN** vernouing van die bloedvate kan veroorsaak wat 'n afname in die suurstoftoevoer na die brein en hande en voete kan veroorsaak wat uiteindelik weefselskade tot gevolg kan hê.
- Indien jy statiene neem, bv. simvastatien en lovastatien, medisyne wat gebruik word om hoë cholesterol te behandel, omdat dit die risiko van rabdomiolise, die afbraak van beskadigde spierweefsel, kan verhoog.
- Indien jy kolgisien neem, 'n medisyne wat gebruik word om jig te behandel.

Neem spesiale sorg met KLARIBIN:
- Indien jy aan lewerprobleme ly. Indien jy vergeling van die vel en die wit dele van die oë ontwikkel, en aan abdominale pyn en teerheid, donker urine en erg jeukerige vel ly, behoort jy dadelik die inname van **KLARIBIN** te staak.
- Indien jy aan nierprobleme ly - die eliminasie van **KLARIBIN** is verminder by pasiënte met inkorting van nierfunksie, veral dié met 'n kreatinienopruiming van <30 ml/min.
- Indien jy rifabutien en/of rifampisien neem, omdat die kombinasie 'n afname van **KLARIBIN** in jou bloed sal veroorsaak. Daar word aangemeld dat gelyktydige toediening 'n hoër voorkoms van uveïtis, 'n inflammasie van deel van die oog, veroorsaak in vergelyking met wanneer rifabutien alleen geneem word.
- Indien jy teofillien neem, 'n medisyne wat gebruik word om jou lugweë oop te maak sodat jy beter kan asemhaal.
- Indien jy erge diarree ondervind as gevolg van **KLARIBIN**, mag jy aan pseudomembraneuse kolitis ly.
- Indien jy bensodiasepiene, bv. midasolam, triasolam of alprasolam neem, medisyne wat gebruik word as spierverslappers en om angs te behandel.
- Indien jy medisyne soos insulien neem wat bloedglukose verlaag, omdat dit hipoglisemie kan veroorsaak, waar jou bloedglukosevlak te veel daal.

Neem van KLARIBIN saam met kos en drank:
Jy mag **KLARIBIN** met, of sonder kos, neem.

Swangerskap en Borsvoeding:
Indien jy swanger is of jou baba borsvoed, behoort jy nie **KLARIBIN** te neem nie omdat die veiligheid en doeltreffendheid in swangerskap en borsvoeding nie vasgestel is nie. **KLARIBIN** word in borsmelk uitgeskei.

Indien jy swanger is of jou baba borsvoed, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige vir advies raadpleeg voordat jy **KLARIBIN** neem.

Bestuur en gebruik van masjiene:
Moenie bestuur of masjiene gebruik nie, voordat jy weet hoe **KLARIBIN** jou sal affekteer.

Neem van ander medisyne saam met KLARIBIN:
- Jy behoort **KLARIBIN** nie saam met kolgisien (medisyne vir jig), statiene (medisyne vir hoë cholesterol) of migraine-medikasies te neem nie.
- Die inname van **KLARIBIN** saam met astemisool, sisapried of pimosied mag onreëlmatige hartritmes veroorsaak en kan fataal wees.
  - Medisyne soos rifampisien, fenitoïen, karbamasepien, fenobarbital, efavirens, etravirien, en St. John se kruid mag die metabolisme van **KLARIBIN** verhoog en dus sy doeltreffendheid verminder.
  - Swamwerende middels soos flukonasool en itrakonasool en antiretrovirale middels soos atasanavir en sakinavir mag die bloedkonsentrasie van **KLARIBIN** verhoog.
  - Ander medisyne wat deur **KLARIBIN** geaffekteer mag word, sluit siklosporien, disopiramied, karbamasepien, metielprednisoloon, omeprasool, kinidien, sildenafiel, takrolimus, triasolam, vinblastien, digoksien, sidovudien, fenitoïen, en valproaat, in.
  - Indien jy warfarien neem of enige ander medisyne wat die bloed verdun.
  - Indien jy immuungekompromitteerd is en met hoër dosisse **KLARIBIN** vir 'n lang tydperk behandel is, mag jy die volgende ondervind: naarheid, braking, smaakperversie, abdominale pyn, diarree, veluitslag, winderigheid, hoofpyn, en gehoorversteuring.

Jy moet altyd jou gesondheidsorgdeskundige vertel indien jy enige ander medisyne neem. (Dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in).

4. HOE OM KLARIBIN TE NEEM

Neem **KLARIBIN** altyd presies volgens jou dokter se instruksies. Jy behoort met jou dokter of apteker te gesels indien jy nie seker is nie. Indien jy onder die indruk verkeer dat die effek van **KLARIBIN** te sterk of te swak is, gesels met jou dokter of apteker daaroor.

Kinders:
Die veiligheid en doeltreffendheid in suigelinge onder die ouderdom van 6 maande is nie vasgestel nie. **KLARIBIN** is nie gekik vir gebruik by kinders jonger as 12 jaar nie.

Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar:
250 mg twee keer daagliks. In meer ernstige infeksies, mag die dosis tot 500 mg twee keer daagliks verhoog word.

KLARIBIN kan met of sonder kos geneem word. Jou dokter sal 'n toepaslike dosis volgens jou toestand voorskryf.

Indien jy meer KLARIBIN neem as wat jy behoort te neem:

In 'n geval van oordosis, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien beide nie beskikbaar is nie, moet jy die naaste hospitaal of gifbeheersentrum kontak.

Indien jy vergeet om KLARIBIN te neem:
Moenie 'n dubbele dosis neem om op te maak vir vergete individuele dosisse nie.

5. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE

KLARIBIN kan newe-effekte veroorsaak. Indien jy enige van die volgende simptome ondervind, staak inname van

KLARIBIN en vertel jou dokter dadelik daarvan:
- Allergiese reaksie waar jy probleme het om asem te haal
- Duiseligheid, versteurde visie of floutes omdat jy lae bloedglukosevlakke mag hê.
- Onreëlmatige hartslae, byvoorbeeld te vinnig of te stadig.
- Ernstige afskilferende veluitslag wat na jou mond of oë mag versprei.
- Vergeling van jou vel en die wit dele van die oë, donker urine of 'n pynlike, teer buik omdat jy geelsug mag hê. Indien jy enige van die volgende simptome ondervind, moet jy jou dokter so gou as moontlik daarvan vertel:
- Abdominale krampe of pyn, teerheid, ernstige, waterige diarree wat ook bloederig mag wees, koors
- Konvulsies
- Disoriëntasie
- Spierpyn Dit is almal ernstige newe-effekte. Jy het moontlik dringende mediese aandag nodig. Vertel jou dokter indien jy van enige van die volgende bewus word:
- Orale sproei, of 'n vaginale infeksie
- Verminderde aptyt
- Angs
- Slaaploosheid
- Hallusinasies
- Slegte drome
- Depersonalisasie
- Depressie
- Duiseligheid
- Vertigo
- Verwarring
- Tremor
- Gehoorverlies
- Tinnitus (gesuis in die ore)
- Naarheid
- Braking
- Spierpyn

Nie alle newe-effekte wat vir **KLARIBIN** aangemeld is, word in hierdie brosjure ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid sou vererger of as jy enige nadelige effekte ondervind terwyl jy hierdie medisyne neem, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige vir advies raadpleeg.

6. BERGING EN WEGDOENING VAN KLARIBIN

Bewaar alle medisyne buite bereik van kinders.

Bewaar by of benede 25 C.

Beskerm teen vog.

Hou die HDPE-houers dig gesluit.

Hou die stulpverpakkings in die karton totdat hulle vir gebruik benodig word.

Gee alle ongebruikte medisyne terug aan jou apteker. Moenie ongebruikte medisyne in dreine of rioolsisteme (bv. toilette) weggooi nie.

7. AANBIEDING VAN KLARIBIN

KLARIBIN TABLETS 250 mg:

1. **PVC/PVdC Stulpverpakking:**
Tablette word verpak in helder 250 mikron PVC wat met 60 gvm PVdC-film bedek is en gedrukte aluminiumfoelie, met 'n 6-8 gvm hitte-seël vernis. Verpakkingsgrootte: 10e - Elke karton bevat 1 stulpverpakking van 10 tablette. 14s - Elke karton bevat 1 stulpverpakking van 14 tablette.

2. **HDPE-Houer Verpakking:**
Tablette word verpak in 'n 100 ml wit HDPE-houer met 'n 38 mm nek-afwerking (OFC 113 ml) met 'n 38 mm-400RS wit sluitstuk met 'n induksie seël pluisie. Verpakkingsgrootte: 100s- Een HDPE-houer van 100 tablette.

KLARIBIN TABLETS 500 mg:

1. **PVC/PVdC Stulpverpakking:**
Tablette word verpak in helder 250 mikron PVC wat met 60 gvm PVdC-film bedek is en gedrukte aluminiumfoelie, met 'n 6-8 gvm hitte-seël vernis. Verpakkingsgrootte: 10e - Elke karton bevat 1 stulpverpakking van 10 tablette. 14s - Elke karton bevat 1 stulpverpakking van 14 tablette.

2. **HDPE-Houer Verpakking:**
Tablette word verpak in 'n 120 ml wit HDPE-houer met 'n 38 mm nek-afwerking (OFC 138 ml) met 'n 38 mm-400RS wit sluitstuk met 'n induksie seël pluisie. Verpakkingsgrootte: 100s- Een HDPE-houer van 100 tablette.

8. IDENTIFIKASIE VAN KLARIBIN

KLARIBIN TABLETS 250 mg: Ligte geelkleurige, ovaalvormige, bikonvekse filmbedekte tablette, met 'D' gedebosseleer op een kant en '62' op die ander kant.
KLARIBIN TABLETS 500 mg: Ligte geelkleurige, ovaalvormige, bikonvekse filmbedekte tablette, met 'D' gedebosseleer op een kant en '63' op die ander kant.

9. REGISTRASIENOMMER/ VERWYSINGSNOMMER

KLARIBIN TABLETS 250 mg: 42/20.1.1/0852
KLARIBIN TABLETS 500 mg: 42/20.1.1/0853

10. NAAM EN ADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER

Aurogen South Africa (Edms) Bpk
Woodhill Kantoorpark, Gebou Nr. 1 Eerste Vloer
Phillip Engelbrechtlaan 53,
Meyersdal, Uitbr. 12, Johannesburg,
1448, Suid Afrika.

11 DATUM VAN PUBLIKASIE

Datum van registrasie:
01 Julie 2014

Datum van hersiening:
01 Januarie 2023

SCHEDULING STATUS

S4

PROPRIETARY NAME (and dosage form)

KLARIBIN TABLETS 250 mg (Tablet)
KLARIBIN TABLETS 500 mg (Tablet)

COMPOSITION

KLARIBIN TABLETS 250 mg: Each film-coated tablet contains 250 mg clarithromycin. Sugar free.
KLARIBIN TABLETS 500 mg: Each film-coated tablet contains 500 mg clarithromycin. Sugar free.

The other ingredients of the formulation are microcrystalline cellulose, croscarmellose sodium, povidone, colloidal anhydrous silica, and magnesium stearate. **KLARIBIN TABLETS 250 mg** and **KLARIBIN TABLETS 500 mg** are coated with Opadry yellow which is composed of hypromellose, propylene glycol, titanium dioxide, hydroxypropylcellulose, vanillin, sorbic acid and iron oxide yellow.

PHARMACOLOGICAL CLASSIFICATION

A 20.1.1 Broad and medium spectrum antibiotics

PHARMACOLOGICAL ACTION

Pharmacodynamics:

